

PREEKSKETS: JOHANNES 15:1-8

Om **IN CHRISTUS** te wees en **HY IN MY** is die belangrikste verhouding waarbinne enige mens kan en moet staan. In die briewe van al die apostels weerklink die gedagte van om *“IN CHRISTUS”* te wees oor en oor soos ’n helder refrein. En vanoggend kom die Heilige Gees en laat Jesus se eie woorde in ons ore weerklink: *“⁴ Julle moet in My bly en Ek in julle.”* Besef jy die erns van Jesus se opdrag hier? My een wees met Christus gaan veral oor 6 belangrike waarhede:

EK IS IN HOM UITVERKIES (Efesiërs 1:4) My een wees met Christus staan NIE vas omdat ek op een mooi dag my hart vir Hom gegee het nie. God het my voor die skepping **IN CHRISTUS UITVERKIES OM SY KIND TE WEES**. Daarom...

BEWERK DIE GEES DIE WEDERGEBOORTE IN MY. Die Heilige Gees kry alles in plek en dan werk Hy die lewendmakende krag in my sodat ek tot geloof in Christus kom. Net soos ’n jong loot wat in die wingerdstok ingeënt word en begin groei vanweë ’n krag wat uit die wingerdstok in hom werk. Hierdie werking van God in sy kind...

MAAK HOM/HAAR WERKLIK VRY. Op ons eie is ons net tot sonde geneig en is ons dood vir enige werking van God. Juis daarom neem God die inisiatief. *“Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees”* (2 Korintiërs 5:21). Christus se afgehandelde werk aan die kruis is die volle betaling vir my sondeskuld by God. Net **IN HOM** is sy geregtigheid, ook my geregtigheid. Net in Hom is ek waarlik ’n vry mens en is die sonde nie meer die enigste krag in my wat my na die dood en die verderf toe aanjaag nie.

IN HOM IS EK ’N NUWE MENS. Want *“Iemand wat aan Christus behoort, is ’n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.”* (2 Kor. 5:17) Kry net gou die prentjie reg: ’n Dooie takkie ... EK... wat eenkant gelê het, reg om verbrand te word, word deur God uitgekies en opgetel, en Hy ent my in die Wingerdstok, Jesus Christus, in. Die lewendmakend krag van die Gees vonk die nuwe lewe in my deur ’n ware geloof.

Die LEWE van die ware Wingerdstok, Jesus Christus die Seun van God, begin in en deur my vloei. En die gevolg? Die vrug van dieselfde Gees

wat Jesus uit die dood uit opgewek het, begin in my gestalte kry. (vgl. Gal. 5:22-23). Dit maak van my: GOD SE KIND.

IN HOM HET DIE VADER MY LIEF MET 'N ONBREEKBARE LIEFDE

In Christus is daarvan oortuig dat niks my van die Vader se liefde kan skei nie, nie eers die dood kan dit regkry nie (vgl. Rom. 8:33–39). Want...

IN HOM IS EK 'N MEDE-ERFGENAAM VAN ALLES WAT AAN CHRISTUS BEHOORT.

Elke dag kan ek God dankbaar dien met 'n kindergesindheid. Waar die Gees my so lei in dankbaarheid, begin ek iets van die hemelse nou al in my lewe ervaar en geniet. Daarom kan ek hoopvol begin uitsien na die dag wanneer ons saam met Christus, alles gaan erf wat aan Hom behoort.

Net in Christus kry ons deur die Gees deel aan al die seëninge wat daar in die hemele is, daarom kan ons elke dag met dankbaarheid ons krag net uit Christus put. Sonder Hom in my en ek op my eie.... is al my geswoeg en sweet, soos waarvan die Predikerskrywer getuig, maar net 'n gejaag na wind!

VIR VERDERE OORDENKING BY DIE ONTDEKSGROEPE

1. Lees Ef. 1:4-5 en oordink die volgende vrae?

- Wanneer het God ons uitverkies?
- IN WIE het Hy ons toe al uitverkies?
- Tot wie het Hy ons uitverkies?

2. Oordink en bespreek in groep wat dit vir **jou** beteken om IN CHRISTUS te wees?

3. Lees en oordink Rom. 8:33-39. Bespreek die troos en hoop wat in hierdie woorde opgeskryf staan.

"Een saak waaroor Jesus baie duidelik in Johannes 15:5 is: Die enigste manier hoe ons vrugte kan dra, is om IN HOM te bly. Ons moet onthou dat ons saam met Christus gekruisig is en dit is nie meer ons wat leef nie, maar Christus wat deur ons lewe (Gal. 2:20). Ons as gelowiges het die versekering dat wanneer ons deur die geloof een is met Christus, ontvang ons vir Christus en al die voordele van die verlossing wat Hy bewerk, nie net sommige daarvan nie." (JV Fesko)